# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Standard Bank Spaar
Rek no: 044396058/Bank Kode: 051001

4 Oktober 2012
Dagsê Almal

Die jaareinde is in sig en ek begin weer beplan vir die Eljada Huis se gesinne. Ek dink om weer soos verlede jaar op 14 Desember 'n pretdag te reel en dan sommer vir die gesinslede 'n klein geskenkie saam met 'n kospakkie vir 3 weke te gee. Hou maar my briefie dop vir meer inligting. Wil net eers met elkeen gesels en hoor wat is die behoefte.

Verder sou ek graag vir so veel as moontlik van ons bejaardes 'n klein geskenkie wil gee. Sr. Rita van Hospice, Sr. Estelle van Mirtehof, Liza van Bejaardesorg, Isabel Eloff van Beterskap, Lilla van Donatu is maar 'n paar wat met groot deernis, liefde en sorgsaamheid met die bejaardes werk en daagliks die swaarkry sien en ervaar. Hierdie bejaardes kry net 'n pensioen van R1200. Ek het reeds een gemeente wat begin het om pakkies op te maak en ek wil dit graag aan u eie oordeel oorlaat maar die riglyn is 'n ietsie vir die persoon (sepie of waslap of sakdoek) en dan ietsie om aan te peusel (kleinkoekies of lekkergoed of southappies) en dalk 'n tydskrif om te lees. Ek sal totale van mans en dames kry en deurgee. Verlede jaar was 'n reuse sukses en die dankbaarheid oorvloedig.

Ek beleef 'n onaangenaamheid van diewe wat snags oor die 2m heining klim en ek vra u gebede vir hierdie satan wat poog om in te sluip. Ek het vanoggend moes hoor dat die mense wat dit organiseer duidelik besig is om die Here se werk te probeer afbreek. In die proses is een van ons plastiese tuintafels en 30 stoele verwyder. As daar los stoele by u rondstaan sal dit welkom wees. Die manne is handig om reg te maak en te verf. Ons elektriese handboor is ook gesteel en ons het hom dikwels in en om die huis gebruik.

Ek wil graag vir een van die mans hier wat byna klaar gekatkiseer het en nou regtig sy pad met die Here stap 'n werkgeleentheid skep. Pieter is 'n baie bekwame nutsman en spesialiseer in kombuiskaste. As ons hom op die been kan help met gereedskap en vervoer kan hy van die huis af nutsmanswerk gaan doen.

Ook Malcolm wat gereed is om nou weer terug te gaan na die lewe buite die huis is 'n baie bekwame tuinman. Hy versorg die tuin hier met toewyding en weet wat om te doen. Sal baie dankbaar wees as julle hom kan gebruik. Hy katkiseer saam met Pieter by Ds. Cobus van Daspoort.

Baie dankie vir al die hulp om Corlia en haar gesin se huis vol meubels en goedere te kry. Klink nie of daar op die oomblik nog iets kortkom nie.

Ek wil graag weer die blomme aan u bekendstel want dit kan vir die

huis ‘n inkomste bring. Gerbera plante (al die kleure denkbaar) beskikbaar @ R40 waarvan ‘n deel na ons rekening oorgeplaas sal word. Gerda se nommer is 0728115258. Sy gaan op 13 Oktober ‘n bakkie vol plante bring na die 25 jarige viering van die GK Rietvallei wat by Waterkloof Hoërskool se gronde gaan plaasvind vanaf 13:00. Sien julle daar en die Eljada Huis gaan ook ‘n uitstalling / bekendstellings tent daar hê.

BAIE, BAIE DANKIE aan een en elkeen wat die afgelope twee weke kos, klere en meubels afgelaai het. Die nood is en bly hoog en werkloosheid word al hoe groter veral onder ons blanke gemeenskap.

Dit werk so goed dat elkeen se klein deeltjie die groot behoefte vul want soos Jean Paul Getty gesê het: “I would rather make 1% from the effort of of 100 men than from 100% of my own effort”. Saam kry ons soveel meer vermag en ek dank jul almal daarvoor.

Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete Annatjie